


# *Plaasveiligheid - 'n waardestelsel*
## *2021*

*01/21* *Wat kan ek doen?* *31 Mar 21*

*02/21* *Sielkundige impak van Plaasaanvalle* *21 Apr 21*

Ernsige redigering van verwysende bulletins

*03/21* *Profiel van 'n plaasaanvaller* *21 Sep 21*

*04/21* *Voorbereiding vir Borgaansoek* *23 Okt 21*

Bewysstuk versameling, bv die Panga waarmee slagoffer aangeval was




*Plaasveiligheid - 'n waardestelsel*

**VEILIGHEIDSBULLETIN 01/21**

(Hierdie Bulletin word op 'n ad hoc basis en na gelang van behoeftes versprei aan landbouveiligheidstrukture wat ingevolge die NLVS funksioneer. Dit dien as 'n forum waarop landbouveiligheid gedien kan word en deelname word aangemoedig. Insette vir oorweging (verkieslik nie langer as 500 woorde) word verwelkom en kan vir verspreiding ingedien word by dienste@tlu.co.za)

**WAT KAN EK DOEN OM 'N PLAASAANVAL TE OORLEEF?**

'n Ervare polisieman lewer die volgende inset:

1. Wapens moet binne maklike bereik wees - verkieslik op jou persoon.

2. Trek meer as een laag verdediging om jou soos die lae van n ui - fisiese hindernisse soos goeie heinings, diefwering, veiligheidsdeure, alarms, kameras, ens.

3. Moenie dat aanvallers jou na buite lok. Bly binne en ontbied hulp van buite.

4. Ingesteldheid - hierdie is Afrika - die gevaar gaan altyd daar wees.

5. Jy kan nie op jou eie oorleef nie - organisering in 'n groep is noodsaaklik.

6. Bewustheid - die "inligtingsoorlog" - om bewustheid te skep onder beide plaasbewoners sowel as internasionaal om druk op die owerhede te plaas om die slagting te stop.

***Onthou om nie voor te berei nie is ook n keuse.***




*Plaasveiligheid - 'n waardestelsel*

**VEILIGHEIDSBULLETIN 02/21**

(Hierdie Bulletin word op ‘n ad hoc basis en na gelang van behoeftes versprei aan landbouveiligheidstrukture wat ingevolge die NLVS funksioneer. Dit dien as ‘n forum waarop landbouveiligheid gedien kan word en deelname word aangemoedig. Insette vir oorweging (verkieslik nie langer as 500 woorde) word verwelkom en kan vir verspreiding ingedien word by dienste@tlu.co.za)

**DIE SIELKUNDIGE IMPAK VAN AANHITSING, OPSTOKERY EN PROTES : VOORBEREIDING, VOORKOMING EN BEWYSLEWERING**

**(Gegrond op insette deur Mnr Carel Taute)**

Dit is nie ongewoon dat landbouers toenemend blootgestel word aan ‘n verskeidenheid protesaksies waarin die potensiaal van ernstige geweld wat tot lewensverlies kan lei, netjies versteek is. Die onlangse insident naby Piet Retief waartydens vier landbouers gearresteer een aangehou was, is ‘n sprekende voorbeeld. Onder die dekmantel van “arbeidsontevredenheid” (of ‘n derglike oppervlakkige motief) word beplande destabilisasie en ontwrigting van rus en vrede suksesvol van stapel gestuur en trek die onskuldige party meer as dikwels aan die kortste ent.

Teen die voorafgaande agtergrond word die volgende aanbeveel:

- Identifiseer tydig ‘n regsadviseur (prokureur) wat goeie insig openbaar mbt landbouers se “kwesbaarheid” sowel as die moontlikheid van optredes wat aanvanklik skadeloos blyk, maar tóg die potensiaal het om die agitator se beplanning en optredes suksesvol te laat seëvier – veral mbt die optrede se propagandawaarde wat die teiken in ‘n baie slegte lig stel.
- Identifiseer ‘n geskikte deskundige (misdaad ondersoeker, voormalige- of privaatspeurder, aanklaer, edm) wat saam met die aangewese regspraktisyn vining op die toneel kan kom om kritiese waarnemings en goeie stawende getuienis kan dokumenteer.
- Sou daar enige aanduidings bestaan wat vooraf kennisgewing verskaf of dui op “gevegsaanduidings” of vroeë waarskuwing, is dit krities noodsaaklik dat sodige verwikkeling akkuraat geboekstaaf word. Informele toegang tot medewerkers wat

informasie (al is dit op daardie stadium nog onbevestig) van ontwikkelende bedreigings as sulks kan identifiseer, is ‘n belangrike hoeksteen vir goeie beplanning en uitvoering.

- Waar beskikbaar kan effektiewe en proffesionele sekuriteitsmaatskappye op ‘n gebeurlikheidsbasis gekontrakteer word. Hierdie dienste kan gesteun word deur vrywilligers in die Plaaswag wat oor toepaslike opleiding gevolg deur gereelde verfrissingsessies beskik.
- Die voorafgaande personeel moet ssm gemobiliseer word en indien enigsins moontlik op toneel wees voordat die SAPD opdaag.
- Die vaslegging van beelde (fotos en video), klankopnames ondersteun deur deurlopende stemopnames van verwikkelinge dra grotendeels by tot die behoud van die morele hoëgrond. Wees egter daarop bedag, dat selfs ‘n skeefloopscenario vir die aggressor, sodanige situasie dmv slu manipulasie in ‘n hof vir ‘n handomkeer verwikkeling kan sorg.
- Benewens goeie beplanning, opleiding, inoefening en voorbereiding kan die absolute noodsaaklikheid om deurlopend die inisiatief te behou nie oorbeklemtoon word nie.

Dit is te wagte dat die waarskynlike koste verbonde aan die voorafgaande maatreëls hoog mag wees, maar die werklikheid is dat moontlike regskoste sou die aggressors seëvier, dit tydige inkontraktering van kundiges by verre sal oorskry.

Ter aanvulling word voorgestel dat lede kennisneem van die volgende Veiligheidsbulletins wat reeds versprei was:

- 01/18
- 03/18
- 05/18
- 05/19 (Beperk tot TLU SA lede)
- 07/19 (Beperk tot TLU SA lede)
- 04/20
- 07/20




*Plaasveiligheid - 'n waardestelsel*

**VEILIGHEIDSBULLETIN 03/21**

(Hierdie Bulletin word op ‘n ad hoc basis en na gelang van behoeftes versprei aan landbouveiligheidstrukture wat ingevolge die NLVS funksioneer. Dit dien as ‘n forum waarop landbouveiligheid gedien kan word en deelname word aangemoedig. Insette vir oorweging (verkieslik nie langer as 500 woorde) word verwelkom en kan vir verspreiding ingedien word by dienste@tlu.co.za)

**PROFIELVAN 'n PLAASAANVALLER**

Grusame en brutale aanvalle het n traumatiese uitwerking op gesinne en families van slagoffers asook die nabye gemeenskap. Geen boer is te oud of te jonk, te ryk of te arm om n plaasaanval vry te spring nie. Volgens ‘n studie, skrik tronkstraf hulle nie af nie en boonop is bewys dat om en n klein persentasie van aanvallers word uiteindelik gevonnis.

PROFIEL

- Die profiel van ŉ tipiese plaasaanvaller is dat hulle tussen 17 en 35 jaar oud is en in die meeste gevalle werkloos, alhoewel in baie gevalle deel is van ‘n misdaad sindikaat.
- Hierdie tipe misdadiger tree gewoonlik in ‘n groep op wat tussen drie tot twaalf of meer persone kan wees.
- ŉ Kenmerk van die aanvallers is dat hulle dink alle boere het vuurwapens, geld en voertuie.
- Die feit dat boere meestal in isolasie woon maak van hulle sagte teikens om hierdie genoemde items te bekom, maar baie sulke aanvalle kan ook geklassifiseer word as haatmisdade.
- Vele van die plaasaanvallers het militêre agtergrond en voer hul taak met presisie uit.
- Die indruk wat geskep word is dat hierdie misdade so grusaam as moontlik moet wees, sonder dat daar genade is vir enige van die slagoffers.
- Tronkstraf is nie regtig ŉ afskrikmiddel vir hierdie misdadigers nie en gewoonlik sien hulle glad nie die erns en gevolge van hulle dade nie.
- Die gevolge van so ŉ haatmisdaad het dikwels emosie tot gevolg, waarna waaksaamheid verskerp word vir ŉ periode.

- Sulke waaksaamheid kan uitputtend wees en na ʼn ruk verslap dit weer.
- Die boerderygemeenskap is taamlik weerloos teen hierdie goedbeplande aanvalle, waar die teikens dalk weke lank dopgehou word deur enkele verkenners.
- Eerste kontak word met die boer gemaak met die voorwendsel dat die misdadiger werk soek of iets (gewoonlik vee) wil koop.
- Vir werkgewers is dit in hierdie stadium moeilik om te onderskei, maar hulle moet versigtig moet wees en altyd aandring op ʼn identiteitsboek.
- Navraag by vorige werkgewers is uiters belangrik en sou dinge nie klop nie, sou dit wys wees om hierdie geval te rapporteer by veiligheidstrukture.
- Deel van die verkenningsproses is dat die veiligheid op die plaas getoets word deur dalk te meng met die plaaslike werkers of personeel.
- Waardevolle inligting word op die wyse verkry rondom die vlakke van sekuriteit van die teikenplaas.
- Plaaswerkers word dikwels dronk gemaak om dan inligting op ʼn bedekte manier uit hulle te verkry.
- Plaaswerkers* wat ʼn goeie verhouding met die eienaar het behoort in sulke gevalle te rapporteer van vreemdes wat navraag doen.
- In die meeste gevalle is huisbediendes die teiken en bewegings van die boer en sy familie behoort nooit voor hulle bespreek te word nie.
- Toegangsbeheer is belangrik en om hekke om ʼn werf toe te hou is prakties moeilik.
- Die eerste stap is om die werf ʼn verbode terrein te maak vir enige iemand wat nie iets daar te doen het nie en dit dan ook op bordjies aan te bring.
- Sou iemand hierdie waarskuwings ignoreer moet al die waarskuwingsligte aangaan en die boer sy waaksaamheid verskerp.
- Persone wat so ‘n aanval beplan is gewoonlik senuagtig met uitermate sweet, vinnig van spraak met aggressiewe handbewegings, oë wat ontwykend is en vlak asemhalingspatrone.
- Let op die kleredrag van verdagte persone en kyk na jasse waarin wapens versteek kan word.
- Onthou dat hierdie misdade hoofsaaklik uit haat plaasvind en dat ekonomiese motief dikwels ʼn bysaak is.

AANVAL

- ʼn Misdadiger het al die tyd in die wêreld om sy plan haarfyn uit te werk en gebruik jou roetine teen jou.
- Misdadigers gebruik die element van verrassing as platform vir beplanning.
- ʼn Hinderlaag word gebruik, baie keer by die hek of toegangsroete tot die plaas
- ʼn Afleiding word soms gebruik om die boer uit die huis te lok soos om alarms te laat afgaan. Gevalle van kragonderbreking en brandstigting kan ook gebruik word.
- Die sterkste persoon (hoofsaaklik manlike persone?) word gewoonlik eerste “uitgehaal” om dan ongehinderd te roof, plunder of te verkrag. (Daarom belangrik dat die vrou en kinders ook ń vuurwapen moet kan gebruik...leer hulle asb.)

- Wraak word ook soms uitgeoefen deur geliefdes om te bring sonder om die teiken dood te maak.
- Gevalle waar boere en grondeienaars voortydig waaksaam en oplettend is en die waarskuwings vroegtydig waarneem, kan meebring dat misdadigers se modus operandi verander.




*Plaasveiligheid - 'n waardestelsel*

**VEILIGHEIDSBULLETIN 04/21**

(Hierdie Bulletin word op 'n ad hoc basis en na gelang van behoeftes versprei aan landbouveiligheidstrukture wat ingevolge die NLVS funksioneer. Dit dien as 'n forum waarop landbouveiligheid gedien kan word en deelname word aangemoedig. Insette vir oorweging (verkieslik nie langer as 500 woorde) word verwelkom en kan vir verspreiding ingedien word by dienste@tlu.co.za)

**TYDIGE VOORBEREIDING VIR 'N MOONTLIKE BORGAANSOEK NA AFLOOP VAN 'N INSIDENT**
(CAREL TAUTE)

**VOORAF INLIGTING**

Hou die volgende dokumente reg wat jy gaan nodig h by borg – sorg dat jou mense weet waar dit is want jy gaan in die selle wees en kan dit nie self haal nie:

1) Bewys van verblyfreg (as jy huur- huurooreenkoms ; as jy eiendom besit – bewys) 2) Bewys van werk (indien nodig) boere werk gewoonlik op plaas

3) Paspoort
4) Bewyse van mediese problem en medikase – dit kan DIE WENNER wees

Gaan soek vir julle groep 'n plaaslike prokureur. Maak seker hy is 'n strafreg veteraan. Hou sy nommer op almal se selfone. Identifiseer 'n alternatief of twee. Kry hulle nommers ook op julle fone want julle No1 gaan ook op vakansie. Onderhandel met hulle spesiale pryse en maak onder julle 'n "oorlogsfonds" waartoe almal bydrae sodat daar geld beskikbaar is wanneer nodig. Niemand gaan wag vir jou tot jy geld getrek het nie.

Kry jou groep reg want terwyl jy in die selle sit moet die ander jou belange behartig. En as jy dink dit gaan nie jou tref nie is jy in vir groot verassing. Ek doen aan die hand dat hulle wat nie saam in die groep kom nie hard en duidelik inlig word dat hulle op hulle eie is – anders gaan almal net buite wag en nie bydrae nie en huil as dit met hulle gebeur.

Wanneer die SAPD jou soek op ‘n Donderdag , Vrydag en selfs gedurende ‘n naweek om in te gaan na die stasie vir ‘n verklaring, sê jou prokureur sal saamkom en bel hom dat hy sê hy het net tyd vir vroeg Maandag ***LEER JOU PROKUREUR DAT HY NOOIT TYD HET OM NA DIE SAPD TE GAAN NIE BEHALWE VROEG MAANDAGOGGEND***. Jou prokureur moet die SAPD bel en reël vir Maandag 08h00. Vir die wat dit nie mooi verstaan of hanteer nie – geniet die gasvryheid van plaaslike SAPS selle oor ‘n hele naweek.

As die SAPD jou soek – kry iemand by die huis om te sê jy bly daar maar het die naweek gaan visvang by ‘n dam sonder opvangs – hulle sal vir jou sê as jy Maandag terug is dat jy Maandag sal deurkom. En moet dan nie by die huis wees nie- anders gaan jou leuen dalk jou borg kos. Skakel jou prok dadelik en reël dat hy Maandagoggend vroeg saam met jou inkom. Berei voor vir borg voordat julle gaan.

**NA ENIGE INSIDENT:**

Kry getuienis en fotos en mediese verslae van jouself en ander beseerdes. En waar jy klagtes moet lê teen die teenkant – doen dit. Die meneer wat dit aflag lyk later soos ‘n aap in die hof as die aanklaer hom vra “*maar meneer as hulle dit gedoen het waarom het jy geen klagte gelê nie?*“ of “*Meneer jy beweer nou jy was aangerand – jy was seker by dokter ne?*”. Die antwoorde op sulke vrae kan jou laat lyk na ‘n leuenaar en jou saak kos. Dit is sulke dingetjies wat jou gaan pootjie. Hier het jy ‘n ou polisieman of aanklaer nodig want sake verskil en alles kan nie sommer in ‘n bladsy hanteer word nie.

So gou moontlik lig jou prokureur en die groep se Puntman in en as hy ‘n veteraan is, gaan hy vir jou sê waarna om te kyk en watter getuienis jy moet kry.

Die ondersoek-fase van ‘n saak is ABSOLUUT krities. Wanneer jy eers in die hof is, is baie getuienis nie meer beskikbaar nie – dalk net dit wat jou kon help (en die beste advokaat is maar net so sterk soos sy saak – al vra hy sewe sakke goud vir fooie). As jy hierdie “getuienis-kry fase” ignoreer - los maar die advokaat en soek ‘n towenaar………

Dokumenteer inligting oor getuies dat jy hulle weer kan kry.;

Wanneer mens by die verhoor kom – kry die regte verteenwoordiger (daar is sommige wat weet wat hulle doen sonder dat jy jou plaas hoef te verkoop vir die regsskuld). Jy sal hulle egter nou moet soek want as die insident gebeur is is dit laat.

Die Slimjan wat nie vooraf beplan nie, gaan uitkom by Vroulief se neef se beste vriend Pietie wat net oordragte doen. Hy gaan Meneer Slimadvokaat aanstel met die diep sakke wat met goud gevul moet word vir hierdie saak. Moenie my glo nie. Sien self. Voorafbeplanning gaan ‘n GROOT verskil maak met gehalte van diens en koste.

Samewerking tussen boere op alle vlakke is ook krities. Meneer- dit – sal- nie- met- my-gebeur-nie, ek het van 1991 – 2001 baie plaasmoorde aangekla … ek sê vir jou uit ondervinding ….. DIT SAL! Begin maar saamwerk ons is dalk nader aan die “Bloedriviersituasie” as wat ons dink …… ons word nou so een vir een uitgehaal …… en jy is dalk volgende.